

LIGGING

Swartland (Koringberg, Riebeeck-Wes, Riebeeck-Kasteel, Piketberg, Eendekuil, Darling)

**KORTOM**

- Die donker dele in die Swartlandse landskap is nie net 'n klomp vaal bosse nie, maar huisves 'n ryke verskeidenheid eenjarige plante, kruidagtige meerjarige plante en bolplante.
- Navorsing het 'n paar jaar gelede begin om die ernstig bedreigde en botanies belangrike veldtipe te verstaan om die stukkies wat nog oor is, te restoureer en vir toekomstige geslagte te bestuur.

Renosterveld blom (ook) in die Swartland

Mense staar hulle dikwels blind teen die uitgestrekte graanlande van die Swartland en wonder hoe die gebied so 'n vreemde naam gekry het. Min mense weet egter dat die donker dele in die landskap, wat die streek sy naam gee, groter was en nou ernstig bedreigde renosterveld huisves.

As jy van Durbanville af Piketberg toe ry en jy sien groen in die winter en goud in die somer, wonder jy seker hoekom die gebied “Swartland” genoem word. Dit is soos die wêreld voor die tyd van trekkers, ploë, planters en subsidies gelyk het, skryf William Talbot, eerste professor in geografie aan die Universiteit van Kaapstad, in sy boek *Swartland and Sandveld*.

Swartland was 'n goeie beskrywing van hoe die gebied vir die eerste Europeërs gelyk het. In die droë somer raak renosterveld, wat oorwegend uit renosterbos (*Elytropappus rhinocerotis*), wilde roosmaryn (*Eriocephalus africanus*), en ander struike van die madelie-

fiefamilie bestaan, donker, amper swart. Vir enigiemand sou dié onversteurde landskap swart gelyk het.

Die Swartland is halfpad deur die 18de eeu vanweë die betreklik plat terrein, vrugbare grond en nabyheid aan Kaapstad as koringproduksiegebied gevestig. Toe goud en diamante in die laaste jare van die 19de eeu ontdek is, het boerdery in die Swartland verder uitgebrei. Toe dit in die 1930's goedkoper word om koring in te voer as om dit hier te verbou, het die Regering koringboere sodanig begin subsidieer dat dit winsgewend was om selfs marginale dele met arm grond en teen steil hellings te bewerk. In dié tyd het die Swartland 'n haas ononderbroke landbougebied geword.

HOE WEET EK MY VELD IS RENOSTERVELD?

Renosterveld is 'n immergroen “struikagtige grasveld” of “grasagtige struikveld” met buitengewone bewaringswaarde. Dit kom voor op kleigrond wat betreklik vrugbaar is, en het graniet of skalie as moedergesteente. Renosterveld is besonder ryk aan bolplante. Die struikkomponent word dikwels deur renosterbos oorheers, veral in die Swartland.

Verskillende grassoorte word algemeen in renosterveld gevind en is besonder prominent in die eerste paar jaar nadat die veld gebrand is. Die drie belangrikste plantfamilies in fynbos, proteas, ericas en restio's (riete), is nie baie algemeen in renosterveld nie, of heeltemal afwesig. Daar is nie juis bome in

Van ver af kan 'n mens sien hoekom die Swartland so genoem word. Voordat die gelyke dele omgeploeg is om graanlande te maak, het die hele gebied se natuurlike plantegroei in die somer donker, amper swart, gelyk. FOTO: AMELIA GENIS

renosterveld nie, behalwe langs waterlope en in klofies waar olienhoutbome groei.

Renosterveld is nie renosterbos nie. Renosterveld is die plantegroei in sy geheel, 'n soort Mediterreense struikveld, en renosterbos is 'n vaal, wollerige struik wat in groot getalle in renosterveld kan voorkom.

Een van die prominente kenmerke van renosterveld in die Swartland is "heuweltjies"; duidelike, ronde kolle in die veld wat vir die Nederlandse koloniste soos die kolle van 'n luiperd (die ou mense het luiperds tiere genoem) gelyk het, en die rede is waarom Tygerberg sy naam gekry het. Heuweltjies bevat groepe plante wat grootliks verskil van die omringende struikagtige matriks.

GROOT VERSKEIDENHEID PLANTE

Die grootskaalse bewerking van renosterveld het veroorsaak dat net 'n paar stukke van die natuurlike plantegroei nog onaangetas is. Hulle word meestal gevind teen steil hellings en rotsagtige dagsome wat nie bewerk kan word nie.

Van ver af lyk die gefragmenteerde oorblyfsels van renosterveld vaal en eentonig, maar as jy nader gaan, is daar 'n groot verskeidenheid eenjarige plante, kruidagtige, meerjarige plante en bolplante onder die bosse. Al is renosterveld van wêreldwye botaniese belang, is betreklik min navorsing oor die huidige bestek van dié Aspoestertjie-plantegroei tipes gedoen.

Minder as 5% van die oorspronklike laaggeleë renosterveld is nog in die Boland en Swartland oor. Die vernaamste oorblywende stukke renosterveld in die Swartland is in die heuwels van Darling, die laer hange

BESTUUR VELD SÓ

Landbouweekblad sal binnekort breedvoeriger oor bestuursriglyne vir renosterveld berig, maar intussen behoort grondeienaars wat die renosterveld op hul eiendom reg wil bestuur, só te maak:

■ Renosterveld behoort ten minste elke tien jaar gebrand te word. Dit moet nooit in die eerste lente ná 'n brand bewei word nie.

■ Renosterveld moet net van laat November tot vroeg Maart bewei word. Oorbeweidings in renosterveld moet voorkom word deur dit 'n ruskans te gee. Waar moontlik, moet renosterveld afsonderlik van omringende weidings bewei word.

■ Alle indringerbome, soos rooikrans, portjackson, denne- en bloekombome, in renosterveld moet uitgeroei word. Waar bloekombome in renosterveld geplant is, en nie as voeding vir bye gebruik word nie, behoort dit afgekap te word.

■ Moenie waterlope, riviere of vleie omploeg nie, en gee natuurlike plantegroei 'n kans om langs waterlope, drade en kontoere te groei.

■ Dit is onwettig om ongerepte renosterveld en graanlande wat vir tien jaar of langer braak gelê het, te bewerk, tensy toestemming daarvoor verkry is.

NAVRAE: Prof. Karen Esler, e-pos: kje@sun.ac.za.

van die Paardeberg en omstreke en 'n paar stukke by Malmesbury, Moorreesburg en Koringberg. Die laer hange van Kasteelberg en die boonste hange van Porseleinberg huisves ook belangrike stukke renosterveld, terwyl die oorblywende dele klein stukke op afgesonderde heuweltjies is, of as smal flenters veld langs waterlope.

Vier van die 29 soorte renosterveld wat erken word, kom in die Swartland voor, naamlik Swartland-skalie-, graniet-, silkreet- en alluvium-renosterveld. Drie van dié soorte word as ernstig bedreig beskou en die vierde is kwesbaar.

Swartland-skalierenosterveld is in die verlede oor die grootste deel van die streek gevind. Stukke van noemenswaardige grootte van Swartland skalierenosterveld word in die private natuurreservaat Elandsberg, noord van Wellington, en in die natuurreservaat

Tygerberg in Bellville bewaar.

Swartland-granierenosterveld kom hoofsaaklik in die heuwels by Darling, op die oorblywende stukke rondom Malmesbury en die Bottelaryheuwels by Stellenbosch voor.

Silkreetrenosterveld word in klein stukke oor die hele streek gevind, terwyl Swartland-alluviumrenosterveld in smal stroke in die suidelike dele van die Swartland rondom Klipheuwel, Malmesbury, Moorreesburg en by Darling langs die Groen- en Dieprivier voorkom.

LIEFLING VAN DIE SWARTLAND

Botanies gesproke is die dorpie Darling, en sy heuwelagtige omstreke, die liefling van die Swartland. Die heuwels wemel van bolplante (geofiete), en spog met 'n groot verskeidenheid plante van die Iridaceae-familie, veral die genusse *Babiana*, *Geissorhiza*, *Ixia* en *Mo-* ▶



Nadat van die renosterveldfragmente in die Swartland gebrand is, het skaars en bedreigde plantsoorte opgekom en gebloom. Die plante is die bedreigde *Aristea lugens* (foto 1), wat net in Swartland-renosterveld gevind word en net ná vuur blom. Foto 2 is 'n *Lachenalia*-soort (viooltjie) en foto 3 is 'n *Babiana* (bobbejaantjie). FOTO'S: CALLAN COHEN, BIRDING AFRICA

◀ *raea*. Trouens, die opname wat Darling se flora-bewaringskomitee in 1994 gedoen het, het 420 verskillende plantsoorte opgelewer.

Die gebied huisves ook heelparty plante wat endemies is (plante wat net daar voorkom). Die endemiese plante sluit in die blou-en-rooi kelkiewyn (*Babiana rubrocyanea*, kwesbaar), die geelbobbejaantjie (*Babiana pygmaea*, ernstig bedreig) en die geel kelkiewyn (*Geisshoriza darlingensis*, ernstig bedreig).

Die meeste van die renosterveld by Darling is op private plase. Die gebied is geleë in die Weskus-biosfeerreservaat, en stukke renosterveld word beskerm in die Darling-renosterveldreservaat, die Groenkloofreservaat, noordwes van Darling, die Waylands-veldblomreservaat en in die Tienie Versveld-reservaat tussen Darling en Yzerfontein. Ongelukkig het nie een van die reservate heeltydse bestuurders nie, wat beteken dat die veld te dikwels of nie dikwels genoeg nie gebrand word en indringerplante 'n probleem is.

VELD VAN VONDSE

Omdat so baie van die renosterveld in die Swartland vernietig is, kan 'n mens dink dat dit wat oorgebly het, goed beskryf is. Tog is dit nie die geval nie en word gereeld nuwe soorte in die oorblywende stukkie ontdek, of soorte wat wetenskaplikes gedink het uitgestorft het, "herontdek".

Om die leemte te vul, maak wetenskaplikes en vrywilligers opnames van plante in die stukkie renosterveld in die Swartland.

Custodians of rare and endangered wildflowers (Crew) het 'n nuwe groep in die Swartland gestig. Hulle en die Crew-groep van Tygerberg het in 2016 opnames van drie belangrike stukke renosterveld gemaak: Op 'n plaas by Riebeek-Wes, 'n stuk munisipale grond by Malmesbury wat Klipkoppie genoem word, en 'n plaas op die Porseleinberg by Riebeek-Kasteel.

RENOSTERVELD BIED ALTERNATIEWE MOONTLIKHEDE

Grondeienaars behoort nie die bewaring van renosterveld in landbouproduksierme te beoordeel nie, meen mnr. Mike Gregor, besturende direkteur van die plaas Elandsberg naby Wellington, waar renosterveld van 2004 af amptelik bewaar word.

"Vir ons is daar voordele ten opsigte van waterbewaring. Die Elandsberg-natuurreservaat is deel van die spons van die Bergrivierstelsel."

Hy sê die grootste voordele van die bewaring van renosterveld is die



Mnr. Stephen Cousins by vuur in een van die stukkie renosterveld wat hy bestudeer het. Vuur is een van die belangrikste restaurasie strategieë in renosterveld. FOTO: TESSA OLIVER

ERKENNING

Mnr. Stephen Cousins is in Junie tragies in 'n motorongeluk oorlede voordat die artikel geplaas is.

Hy was besig met navorsing vir 'n doktorsgraad oor die ekologie van vuur in renosterveld en die potensiaal om renosterveld wat deur indringerplante ingeneem is, te herstel.

Cousins het die navorsing met die samewerking van die Universiteit Stellenbosch en die Universiteit van die Witwatersrand gedoen.

Hy het gehoop sy navorsing kon help om die kosbare renosterveldoorblyfsels vir toekomstige geslagte te bewaar en te bestuur.

Die artikel word met die toestemming van sy familie geplaas.

Van die belangrike vondse in renosterveld in die Swartland sluit in 'n klein bevolking van die ernstig bedreigde kasteelskloofsuikerbos (*Protea mucronifolia*) wat mnr. Riaan van der Walt van Kaapse Natuurbewaring in 2004 op die oewer van die Bergrivier naby Saron gevind het, op 'n plek waar Swartland-skalierenosterveld, Atlantis-sandfynbos en Swartland-alluviumfynbos byeenkom om 'n interessante mosaïek te vorm. Plantkundiges en ekoloë het in die verlede gedink *Protea mucronifolia* groei net in die private natuurreservaat Elandsberg.

In 2016, op 'n Crew-velduitstap in dieselfde gebied, is 'n nuwe bevolking van die bedreigde *Marasmodes spinosa* gevind. Plantkundiges het eweneens gedink die soort kom net by Elandsberg voor.

moontlikhede vir landboutoerisme wat dit skep en die geleentheid om ander soorte van uitwissing te red deur hul habitat te bewaar. "Die oorblywende stukkie renosterveld is al wat ons het. Bewaring gee ons 'n kans om dit met ander te deel."

Die 3 800 ha renosterveld op Elandsberg huisves die suurpootjie (*Psammobates geometricus*), 'n skilpad waarvan die status ernstig bedreig is.

Gregor sê die bewaring en bestuur van die renosterveld op Elandsberg plaas nie baie druk op hulle nie, maar bied geleentheid om by navorsing betrokke te raak en anders oor die veld en boerdery te dink.

Nóg 'n interessante vondse was *Polhillia ignota*, 'n struik van die peulplantfamilie wat 80 jaar gelede versamel is. Toe die plant nie weer gevind is nie, is dit as uitgestorwe geklassifiseer, maar in September 2016 het Crew 'n klein groepie van 13 plante in 'n stukkie Swartland-skalierenosterveld naby Eendekuil gevind.

Dié belangrike vondse gee 'n aanduiding waarom dit so noodsaaklik is om die oorblywende stukkie renosterveld te bewaar en versigtig te bestuur. **LBW**

BYKOMENDE INLIGTING:

Curtis, O.E. 2009. Renosterveld under scrutiny: Bringing science, management and stewardship together. *Veld & Flora* 95:150-152.

Curtis, O.E. and Bond, W.G. 2013. What is renosterveld? Grassy-shrubland or shrubby-grassland? Have recent analyses of soil carbon isotopes provided an answer? *Veld & Flora* 99:180-3.

Heydenrych, B. 1995. Wildflowers of the Darling Renosterveld: Can they be maintained for future generations? *Veld & Flora* 81:72-73.

Talbot, W.J. 1947. *Swartland and Sandveld: A Survey of Land Utilization and Soil Erosion in the Western Lowland of the Cape Province*. Oxford University Press, Kaapstad.

Die artikel is 'n geredigeerde weergawe van "Renosterveld remnants of the Swartland: a rainbow of colour and rarity veiled in black", 'n artikel deur Stephen Cousins wat in Desember 2017 in Veld & Flora, maandelikse tydskrif van die botaniese vereniging, verskyn het. Dit word met die vergunning van Veld & Flora geplaas.